

BEROEPENUUS—30 Mrt. 2014**Beroepe ontvang**

Ds. RA Bain van Cachet na Pietersburg-Noord

Beroepe aanvaar

Prop MH le Roux na Newcastle

Beroepe bedank

Ds. ASA de Bruyn van Wilropark na Pietersburg-Noord

Ds. JL Lee van Bothaville na Worcester

Jakobus 1: 1-12 - Beproeving (deur G van't Spijker)*Vervolg van verlede week*

Tog het Jakobus gelyk. In die beproewinge sien hy die hand van God. Die duiwel kom met allerhande beproewings van verdrukking tot verleiding, van armoede tot siekte. God het egter alles onder beheer. Wat die mens as baie ongewens beskou, kan God gebruik om iets baie goed mee te bereik. Dit is nie net Jakobus wat hierop wys nie. Ons lees dit ook in Romeine 5:3-5 en 1 Petrus 1:6-7,14. God maak ons vir sy diens bekwaam. Deur die beproewing heen kan die geloof ontwikkel na volmaaktheid en volwassenheid. Ons kan ons nie voorstel wat dit is om volmaak te wees nie. Ons weet hoe baie ons oortree en ken ons eie beperking. Tog sal elke kind van God eenmaal volmaak voor hom staan. Dit is die regte rigting waarin ons moet ontwikkel en op die pad beproef die Here ons.

Onverdeelde oorgawe

Die manier waarop Jakobus skryf, kan ons verwar. Hy raak die een na die ander onderwerp aan sonder dat ons _lyn daarin sien, maar die verband is wél daar. Hoe ons moet lewe as gelowige volgelingen van Christus vorm een groot lyn in die brief met 'n boodskap wat alles omvat. _Samehang wat moeiliker is om raak te sien, word deur sleutelwoorde gevorm: die woorde “gebrek” en “kortkom” in verse 4 en 5 hou verband met mekaar. Ons sal nog volmaak wees, nie gebrekkig nie, maar ons kom nog die wysheid kort. Wysheid beteken vaardigheid, kennis en insig, wat vir 'n bepaalde doel nodig is. Ons doel is om ware volgelingen van die Here Jesus te wees, ook in verdrukking. Dit kom nie vanself nie, ons het besondere wysheid nodig, en dit moet ons van God vra. Ons kan volkome op God vertrou. Hy bestuur alles en het Sy kinders volmaak lief. God verhoor ons gebed, ons twyfel nie daaraan nie want in Hom is daar geen dubbelsinnigheid nie. Ons weet wie God is en hoe Hy sy kinders aansien. Hy gee mildelik en sonder verwyt. Die twyfel lê by ons eiesinnigheid.

Die twyfelenaar is soos iemand wat deur die golwe van die see geslinger en dan hierheen en dan daarheen deur die water gedryf word. 'n Innerlike dubbelsinnigheid staan lynreg teenoor 'n ondubbelsinnige verlange om 'n ware volgeling van die Here Jesus te wees en te bly. Dit is die regte pad om te gaan en dit vra onverdeelde oorgawe aan God en vertrou op sy steun. Die woordjie “weë” in vers 8, die onbestendige weë van die dubbelhartige man, word gekoppel aan die verwelklike “weë” van die ryke in vers 11. Vanuit hierdie oogpunt begin Jakobus nou om die armes en die rykes toe te spreek..

Word vervolg

31/03– Marianda van Jaarsveld 0762996816	06/04– Magda du Plooy 0836583266
05/04– Ansie Koole 0834442583	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Die duisternis het geen skaduwees nie – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za OF****www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

30 Maart 2014**EERSTE EREDIENS—(9h00)****Skriflesing:** 2 Thessalonicense 3:1-18**Teks:** 2 Thessalonicense 3:5**Sing:** Ps. 116:1,2,3,4,5; Ps. 86:1,2,3;

Ps. 119:19,21; Ps. 9:1,5,6,7

IN 'N VYANDIGE EN ONSEKER**WÊRELD GEE GOD ONS****GEANKERDE EN GERIGTE****HARTE**

(Ons verwelkom vanoggend vir prof. Rikus Fick wat in die eerste erediens vir ons die Woord sal bedien. Saam met hom het ons die finalejaars Teologiese studente wat die kerkgeskiedenis vanaf 1859 rondom Rustenburg, Waterberg en hier in Pretoria bietjie nader bekyk het Ons vertrou dit was vir hulle 'n geseënde en verrykende uitkyk)

KATKISASIE— Geen katkisasie vandag
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet
beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEDE EREDIENS (10h30)

(Bevestiging br. Reuben Grobler as diaken)

Skriflesing: Matteus 21:12-27**Teks:** Matteus 21:21,23**Sing:** Ps. 68:7; Ps. 86:8; Ps. 98:4;

Ps. 134:4

GOD STEL HOM BESKIKBAAR

Daar kan geen groter mag wees as die mag wat daar by God is nie maar nou wys Jesus nie net sy negatiewe veroordelende mag waarvan die vyeboom die simbool was nie, maar Jesus maak die berge die simbool van positiewe opbouende ja uitbouende mag...

Jesus laat berge voor ons inskuif om dit deur die woorde van geloof en gebed weer weg te skuif.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>**Predikant:**

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**Vandag-Wyke 16 en 17**

Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

Volgende Sondag (06/04) – Wyke 18 en 19

Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Sr Margaretha Coetzee is nog in Middelburg na die knievervang. Ons is dankbaar om te kon hoor dit gaan goed, al is die been nog baie geswel. Ons bid haar volkome herstel toe. **Sr Janet Riekert** wat geval en haar enkel op drie plekke gebreek het, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds kon plaasvind. Ons vertrou dat die tyd van genesing geseënd mag wees. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Daar was intussen weer hospitalisasie nodig. Ons dink ook aan **sr Alta** wat in die tyd ook terugslag gehad het en in die hospitaal was. Mag die Here hulle naby wees. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deur-gaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. **Sr Carolien Lagerwey** het geval en haar arm beseer. Ons vertrou dat sy spoedig mag herstel. **Br Kallie Tromp** bly in ond gebede na die terugslae wat hy met sy gesondheid gehad het. Ons is dankbaar dat die laste toets in sy guns was en ons bid hom volle herstel toe. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewing. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegetydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Jeugsorg
2de diens	DVB	Intand-houding
06/042014 1ste diens	DVB	Zambië
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
07/04	Skole heropen
18/04	Goeie Vrydag Erediens 9h00
22/04	Finans-Adviesverg
24/04	Kerkraadsverg

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

NUWE DIREKTE VERTALING VAN DIE BYBEL

Die vertaling van God se Woord is reeds groot gedeeltes voltooi. Al die Bybelboeke wat reeds voltooi is en gelees kan word, is by die volgende skakel beskikbaar.

<http://bit.ly/1rJnpna>. As daar enige kommentaar op van hierdie vertalings gegee kan word sal dit deur die Deputate van ons kerkverband verwelkom word in die afhandeling van hierdie groot opdrag. Kommentaar kan ook na ons kerkraad deurgegee word om dit verder met die vertalers op te neem.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 13

'n Bietjie later verduidelik die Here aan die Dissipels waarom Hy gelykenisse gebruik het.

[Vir Totius se meer volledige verklaring van die gelykenis van die Saaiër, lees later DV meer in die verklaring oor Mark 4.]

Totius het in twee artikels in 1944 gehandel oor Christus as die Saaiër. Die profete was saaiers. Alle predikante en elkeen wat die Evangelie verkondig, is saaiers.

Vir hierdie gelykenis verwys Totius tereg na hoe saaiwerk in die bergagtige dele van Galilea sou gaan. Akkers is dikwels smal repies grond. Om dit is daar paaie, rotse en plekke vol onkruid (dorings). Alles verteenwoordig sekere soorte hoorders van die Woord en hulle reaksie daarop.

Die saaiers het 'n sak met saad oor een skouer gedra en met sy los hand die saad versprei in die land.

13:6-9, val 'n deel – Die saaiery word volledig geskets, met die plekke waar dele van die saad ook kan val. Dan ook wat van elke deel se saad word.

Langs die pad – Hier tel die voëls dit op; **rotsagtige plekke** – deur die son verskroei; **dorings** – verstik; **goeie grond** – dra veelvuldige vrug.

13:10-12, Waarom . . . gelykenisse ? Jesus se antwoord neem ons terug na 11:25. Christus gaan verby die mense wat hulle self te "verstandig" ag vir die Woord. Die genade is bedoel vir die armes van gees, wat hulleself nederig onderwerp aan God en Sy Woord. Hulle alleen sal die gelykenisse verstaan en tot hulle saligheid glo.

Hy wat het – v 12 se woorde word gewoonlik misbruik om te sê dat rykes sal ryker word en armes armer. Hoewel dit in die gewone lewe in sekere sake soms waar is, is dit glad nie wat Jesus telkens bedoel het nie. Hy praat nie van geld nie, maar van **geloof**.

Weggeneem - Die grond wat die saad nie werd is nie, sal die saad verloor.

13:13, omdat – *In Mark4:11,12 word die woord "sodat" gebruik, wat daarop dui dat Markus stel dat Christus in gelykenisse preek, sodat mense wat nie luister nie, verlore sal gaan. Die effek van die gelykenisse word daar beklemtoon. Mattheüs laat dit dalk anders klink, deur aan te haal dat Jesus gesê het dat die mense nie glo nie, omdat hulle nie*

wil hoor en sien nie. Hy beklemtoon weer die gevolg van die gelykenisse.

Watter betekenis moet ons dan glo ? Is daar klem daarop dat Jesus so preek, om mense juis verlore te laat gaan . . . of gaan mense verlore omdat hulle self nie hoor nie? Beide sake moet beklemtoon word.

God se uitverkiesing (predestinasie) gaan ook om mense te roep tot verantwoordelikheid. Mark 4 gee dus die Goddelike kant van die saak weer ("sodat"), en Matth 13 be-klemtoon die verantwoordelikheid. "Doen dit en jy sal lewe ! Bekeer julle ! Daarom word die saad nie in blombeddinkies nie maar oral uitgesaai op die verbondsakker en ook ver in die heidenland." Dit is reeds genade bloot dat gepreek word.

13:15 – Jesus beklemtoon wat reeds gesê is, deur vir die Dissipels (en indirek ook vir die Jode) te bring by die Ou Testament en sy profete: Jesaja het gesê.

die hart . . . stomp geword – *In die hart lê die oorsprong van die mens se gedagtes. In Luk 24:25 hoor ons Jesus ook praat van die "onverstandiges met harte wat traag is." Sien ook Ps 33:11, Ps 140:3 en Matth 13:15. 'n Russiese predikant het dit so genoem: "dat die verstand net die uitvoerende mag is, maar die wetgewende mag, die regeermag behoort aan die hart."*

In 1928 het Totius in 'n lesing deeglik aandag gegee aan die afwyking om die mens die "toets" van die Skrif te maak. Dit is in 2013 die beheersende benadering van die Woord by baie wat voorgee dat hulle Bybels dink. Mense gee eie 'n betekenis aan 'n woord, om hulle eie siening sal staaf. Dit is sektarisme ! Ons kan maar net bid om besinning.

13:16-17, hulle sien . . . hoor – *Die saaiers van die Woord sal vreugde beleef, maar ook hartseer. Die saad sal soms stuit teen ongevoeligheid en oppervlakkigheid, en die wêreld wil die Woord verdring. Daar sal die wees wat nie vir die saaiër bid nie, maar graag opmerkings maak oor sy werk. Meer kritiek as simpatie. Die saaiers is nie vol-maak nie. Hulle het bemoediging nodig. Die leraar is soms benoud oor sy preke – tref dit ? Het hy reg gepreek ?*

Ons moet beseef wat 'n seën dit is dat ons die volle Woord nou het, en nie soos die Ou Testamentiese mense nog moet smag om die vervulling van die beloftes te sien nie.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

25 Mrt. 1807– Slawehandel opgehef; 26 Mrt. 1858– Lasbrief aan ds. Postma uitgereik om na SA te vertrek; 27 Mrt. 1900– Genl. Piet Joubert oorlede; 25 Mrt. 1943– Stoeier en OB lid Johannes van der Walt sterf; 1 Apr. 1873– Eerste uitgawe van die Maandbode, voorloper van Die Kerkblad; 3 Apr. 1860– Pretoria word die hoofstad van Transvaal; 3 Apr. 1866– Genl. JBM Hertzog gebore; 3 Apr. 2010– Eugene Terre'Blanche vermoor; 6 Apr. 1652– Jan van Riebeeck anker in Tafelbaai; 6 Apr. 1654– Van Riebeeck gelofte word afgelê; 7 Apr. 1948– Hugenotemonument word ingewy; 9 Apr. 1678– Die hoeksteen van die eerste kerk in Kaapstad gelê; 11 Apr. 1858– Ds. Dirk Postma se afskeid in Kampen; 12 Apr. 1877– Transvaal word die eerste keer geannekseer; 13 Apr. 1838– Louis Trichardt kom in Delagoabaai aan; 20 Apr. 1820– Port Elizabeth word aangelê; 22 Apr. 1858– Ds. Dirk Postma vertrek met die Estafette uit die hawe Nieuwe Diep na Suid-Afrika